



Avontuur Verhale

Die Betowerde Vark



Lank, Lank Gelede

Het daar 'n koning gewoon wat drie dogters gehad het. Nou het dit gebeur dat hy moes uit gaan om te veg, daarom het hy sy dogters geroep en vir hulle gesê:

“My liewe kinders, ek is verplig om oorlog toe te gaan. Die vyand nader ons met 'n groot weermag. Dit is vir my 'n groot hartseer om julle almal te verlaat.”



“Sorg vir julleself tydens my afwesigheid en wees goeie meisies; gedra julle goed en kyk na alles in die huis. Jy mag in die tuin loop, en jy mag in al die kamers in die paleis ingaan, behalwe die kamer agter in die regterhoek; daar mag jy nie ingaan nie, want daar sou skade jou tref.”

“Jy mag gerus wees, Pa,” het hulle geantwoord. “Ons was nog nooit aan jou ongehoorsaam nie. Gaan in vrede en mag die hemel jou 'n heerlike oorwinning gee!”



Toe alles gereed was vir sy vertrek, het die koning vir hulle die sleutels van al die kamers gegee en hulle weer herinner aan wat hy gesê het. Sy dogters het sy hande met trane in hul oë gesoen en hom voorspoed toegewens, en hy het vir die oudste die sleutels gegee.



Toe die meisies hulself alleen bevind het, het hulle so hartseer en moedeloos gevoel dat hulle nie geweet het wat om te doen nie. So, om die tyd te verwyl, het hulle besluit om 'n deel van die dag te werk, en om hulself 'n deel van die dag in die tuin te geniet.

Terywl hulle dit gedoen het, het alles goed met hulle gegaan. Maar die gelukkige toestand het nie lank gehou nie. Elke dag het hulle meer en meer nuuskierig geword, en jy sal sien wat die einde daarvan was.



“Susters”, het die oudste prinses gesê, “die hele dag lank doen ons naaldwerk, ons spin en ons lees. Ons was 'n hele paar dae heeltemal alleen en daar is geen hoek van die tuin wat ons nie verken het nie.

Ons was in al die kamers van ons vader se paleis en het die ryk en pragtige meubels bewonder: hoekom sou ons nie in die kamer ingaan wat ons vader ons verbied het om in te gaan nie?”



“Suster,” het die jongste gesê, “ek kan nie dink hoe jy ons in die versoeking kan bring om ons vader se opdrag te verbreek nie. Toe hy vir ons gesê het om nie in daardie kamer in te gaan nie, moes hy geweet het wat hy sê en 'n goeie rede gehad het om dit te sê.”

“Die lug sal sekerlik nie om ons koppe in val as ons WEL ingaan nie,” het die tweede prinses gesê. “Drake en sulke monsters wat ons sal verslind, sal nie in die kamer versteek word nie. En hoe sal ons pa ooit uitvind dat ons ingegaan het?”



Terwyl hulle so praat en mekaar bemoedig, het hulle die kamer bereik; die oudste het die sleutel in die slot gepas! Die deur het oopgestaan.

Die drie meisies het ingekom, en wat dink jy het hulle gesien?



Die kamer was redelik leeg en sonder enige ornament, maar in die middel het 'n groot tafel gestaan en 'n groot oop boek het daarop gelê.

Nou was die prinsesse nuuskierig om te weet wat in die boek geskryf staan, veral die oudste, en dit is wat sy gelees het:

“Die oudste dogter van hierdie Koning sal met 'n prins uit die Ooste trou.”



Toe stap die tweede meisie vorentoe, en blaai om die bladsy
en lees:

“Die tweede dogter van hierdie Koning sal met 'n prins uit die
Weste trou.”

Die meisies was verheug en het vir mekaar gelag en mekaar
geterg.



Maar die jongste prinses wou nie naby die tafel gegaan het of die boek oop gemaak het nie. Haar ouer susters het haar egter geen vrede gelaat nie en hulle het haar na die tafel gesleep en in vrees en bewing het sy die bladsy omgedraai en gelees:

“Die jongste dogter van hierdie Koning sal met 'n vark uit die Noorde getroud wees.”

Nou as 'n donderslag uit die hemel op haar geval het, sou dit haar nie meer bang gemaak het nie. Sy het amper gesterf van ellende en as haar susters haar nie vasgehou het nie, sou sy op die grond gesak het en haar kop oopgesny het.



Toe sy uit die floute kom waarin sy in haar skrik beland het,
het haar susters haar probeer troos en het gesê:

“Hoe kan jy sulke snert glo? Wanneer het dit ooit gebeur dat 'n
koning se dogter met 'n vark getrou het?”

“Jy is so ‘n groot baba!” het die ander suster gesê; “Het ons
vader nie genoeg soldate gehad om jou te beskerm nie, al het
die walglike skepsel jou kom beywer?”



Die jongste prinses sou haarself deur haar susters se woorde laat oortuig het en geglo het wat hulle gesê het, maar haar hart was swaar. Haar gedagtes het bly draai na die boek, waarin geskryf staan dat groot geluk op haar susters wag, maar dat 'n lot vir haar voorlê soos wat nog nooit tevore in die wêreld bekend was nie.

Buitendien het die gedagte op haar hart gedruk dat sy haar skuldig gemaak het aan ongehoorsaamheid aan haar pa.



Sy het taamlik siek begin word en binne 'n paar dae het sy so verander dat dit moeilik was om haar te herken; voorheen was sy rooskleurig en vrolik, nou was sy bleek en niks het haar enige plesier verskaf nie. Sy het opgehou om met haar susters in die tuin te speel, opgehou om blomme bymekaar te maak om in haar hare te sit en nooit gesing as hulle saam gesit en spin en naaldwerk gedoen het nie.



Intussen het die koning 'n groot oorwinning behaal en nadat hy die vyand heeltemal verslaan en verdryf het, het hy hom na sy dogters gehaas, na wie sy gedagtes voortdurend gedraai het. Almal het uit gegaan en hom tegemoet met simbale en fiete en tromme, en daar was 'n groot blydschap oor sy oorwinnende terugkeer. Die koning se eerste daad toe hy by die huis gekom het, was om die hemel te bedank vir die oorwinning wat hy oor die vyande en die drie teen hom behaal het.



Hy het toe sy paleis binnegegaan en die drie prinsesse het na vore getree om hom te ontmoet. Sy vreugde was groot toe hy sien dat dit met almal goed gegaan het, want die jongste het haar bes gedoen om nie hartseer te voorkom nie.



Ten spyte hiervan was dit egter nie lank voordat die koning opgemerk het dat sy derde dogter baie maer en hartseer gelyk het. En skielik het hy gevoel asof 'n warm yster sy siel binnedring, want dit flits deur sy gedagtes dat sy sy woord verontagsaam het.



Hy het 'n gevoel dat hy reg is; maar om heeltemal seker te maak, het hy sy dogters na hom geroep, hulle uitgevra en hulle beveel om die waarheid te praat. Hulle het alles bely, maar het gesorg om nie te sê wat die ander twee in die versoeking gelei het nie.

Die Koning was so benoud toe hy dit gehoor het dat hy amper oorweldig was deur hartseer. Maar hy het moed bymekaar geskep en probeer om sy dogters, wat dood beangs gelyk het, te troos. Hy het gesien dat wat gebeur het, het gebeur en dat 'n duisend woorde sake nie 'n haarbreedte sou verander het nie.



Wel, hierdie gebeure was amper vergete tot een mooi dag toe 'n prins uit die Ooste by die Hof verskyn het en die Koning om die hand van sy oudste dogter gevra het. Die Koning het met graagte sy toestemming gegee.



'n Groot bruilofsfees was voorberei en na drie dae se fees is die gelukkige paar met baie seremonie en blydschap na die grens vergesel.



Na 'n ruk het dieselfde gebeur met die tweede dogter, wat
deur 'n prins uit die Weste gewen is.



Toe die jong prinses nou sien dat alles in plek val soos in die boek geskryf was, het sy baie hartseer geword. Sy het geweier om te eet en wou nie haar mooi klere aantrek nie en wou ook nie uitgaan om te loop nie en het verklaar dat sy eerder sou sterf as om 'n bespotting vir die wêreld te word. Maar die Koning wou haar nie toelaat om so iets verkeerd te doen nie en hy het haar op alle moontlike maniere getroos.



So, het die tyd het verbygegaan, tot kyk en siedaar! Op 'n mooi dag het 'n enorme vark uit die Noorde by die paleis ingestap en reguit na die Koning gegaan en gesê: “Wees gegroet! O Koning. Mag jou lewe so voorspoedig en helder wees soos die sonsopkoms op 'n helder dag!”

“Ek is bly om jou so goed te sien, vriend,” het die koning geantwoord, “maar hoekom het die wind jou hierheen gebring?”

“Ek het gekom om u te beywer,” het die Vark geantwoord.



Nou was die Koning verstom om so 'n mooi toespraak van 'n Vark te hoor en dadelik het dit by hom opgekom dat iets vreemds aan die gang is. Hy sou graag die Vark se gedagtes in 'n ander rigting gedraai het, aangesien hy nie vir hom die Prinses as vrou wou gee nie; maar toe hy hoor dat die Hof en die hele straat vol was van die varke in die wêreld, sien hy dat daar geen uitkoms is nie en dat hy sy toestemming moet gee. Die Vark was nie tevrede met blote beloftes nie en sou nie weggaan voordat die Koning 'n koninklike eed daarop gesaai het nie.



Hy sou graag die Vark se gedagtes in 'n ander rigting gedraai het, aangesien hy nie vir hom die Prinses as vrou wou gegee het nie; maar toe hy hoor dat die Hof en die hele straat vol was van die varke in die wêreld, sien hy dat daar geen uitkoms is nie en dat hy sy toestemming moet gee.



Die Vark was nie tevrede met blote beloftes nie en sou nie weg gegaan het, voordat die Koning 'n koninklike eed daarop gesaai het nie.




Die koning het toe sy dogter laat roep en haar aangeraai om aan die noodlot te onderwerp, aangesien daar niks anders was om te doen nie. En hy het bygevoeg:

“My kind, die woorde en hele gedrag van hierdie Vark is heeltemal anders as dié van ander varke. Ek glo nie self dat hy altyd 'n vark was nie. 'n Towerkuns of heksery was aan die werk. Gehoorsaam hom en doen alles wat hy wou, en ek is seker dat die Hemel jou binnekort vrylating sal stuur.”

“As jy wil hê ek moet dit doen, liewe vader, dan sal ek dit doen,” het die meisie geantwoord.



Intussen het die troudag nader gekom. Na die huwelik het die Vark en sy bruid in een van die koninklike koetse na sy huis vertrek.



Op pad is hulle verby 'n groot moeras, en die Vark het die koets beveel om te stop en het uitgeklim en in die modder gerol totdat hy van kop tot tone met modder bedek was.



toe klim hy terug in die koets en het vir sy vrou gesê om hom te soen. Wat moes die arme meisie doen? Sy bedink haar aan haar pa se woorde en trek haar sakdoek uit, vee saggies die Vark se snoet af en soen dit.



Teen die tyd dat hulle die Vark se woning bereik het, wat in 'n dik bos gestaan het, was dit redelik donker. Hulle het 'n bietjie stil gesit, want hulle was moeg na hul ry; toe het hulle saam aandete geëet en gaan lê om te rus.



Gedurende die nag het die Prinses opgemerk dat die Vark in 'n man verander het. Sy was nie 'n bietjie verbaas nie, maar toe sy haar pa se woorde onthou het, het sy moed gevat, vasbeslote om te wag en te sien wat sou gebeur.



En nou het sy opgemerk dat die Vark elke aand 'n man verander het en elke oggend sou hy in 'n Vark verander voor sy wakker geword het. Dit het etlike nagte aan die gang gebeur en die prinses kon dit glad nie verstaan nie. Duidelik moet haar man betower wees. Mettertyd het sy baie lief geword vir hom, hy was so vriendelik en saggeaard.



Op 'n mooi dag toe sy alleen gesit het, het sy 'n ou heks gesien verbygaan. Sy voel nogal opgewonde, want dit is so lank laas dat sy 'n mens gesien het en sy het na die ou vrou geroep om met haar te kom gesels.



Die heks het onder meer vir haar gesê dat sy alle towerkuns verstaan het en dat sy die toekoms kan voorspel en die genesende kragte van kruie en plante ken.

“Ek sal jou lewe lank dankbaar wees, ou dame,” het die prinses gesê, “as jy my sal vertel wat die saak met my man is. Hoekom is hy 'n Vark bedags en 'n mens snags?”

“Ek wou net daardie een ding vir jou sê, my skat, om jou te wys watter goeie fortuinverteller ek is. As jy wil, sal ek vir jou kruie gee om die towery te breek.”



“As jy dit net vir my wil gee,” het die prinses gesê, “ek sal vir jou enigiets gee waarvoor jy wil vra, want ek kan dit nie verdra om hom in hierdie toestand te sien nie.”

“Hier dan, my liewe kind,” het die heks gesê, “vat hierdie draad, maar moet hom nie daarvan vertel nie, want as hy dit weet, sou dit sy genesende krag verloor. Snags, wanneer hy slaap, moet jy baie stil opstaan en die draad so stewig moontlik om sy linkervoet vasmaak; en jy sal in die oggend sien hy sal nie weer in 'n Vark verander het nie, maar sal nog steeds 'n man wees.”



“Ek wil geen beloning hê nie. Ek sal genoegsaam terugbetaal word deur te weet dat jy gelukkig is. Dit breek amper my hart om te dink aan alles wat jy gely het, en ek wens net ek het dit vroeër geweet, want dan sou ek dadelik tot jou redding gekom het.”



Toe die ou heks haar verlaat het, het die prinses die draad baie versigtig weggesteek en snags, het sy stil opgestaan, en met 'n kloppende hart, bind sy die draad om haar man se voet. Net toe sy die knoop styf trek was daar 'n kraak en die draad het gebreek want dit was vrot.



Haar man het wakker geskrik en vir haar gesê: “Ongelukkige vrou, wat het jy gedoen? Nog drie dae en hierdie onheilige towerspreuk sou van my afgeval het en nou, wie weet hoe lank ek dalk in hierdie walglike vorm moet aangaan?

Ek moet jou dadelik verlaat en ons sal nie weer ontmoet voordat jy drie pare ysterskoene gaar gedra het nie en 'n staalstaf stomp is in jou soektog na my nie.” So, net toe hy dit gesê het, het hy verdwyn.



Nou, toe die prinses alleen gelaat was, het sy begin huil en kreun op 'n manier wat jammer was om te hoor; maar toe sy sien dat haar trane en kreun haar niks baat nie, het sy op gestaan, vasbeslote om te gaan waarheen die noodlot haar ook al sou lei.



Toe sy 'n dorp bereik het, was die eerste ding wat sy gedoen het om drie pare ysterskoene en 'n staalfstaf te bestel, en nadat sy hierdie voorbereidings vir haar reis getref het, was sy op pad na die soektog na haar man.



Aan en aan het sy oor nege oseane en oor nege kontinente
gedwaal; deur woude met bome waarvan die stamme so dik soos
biervate was; struikel en stamp haarself teen die gevalle takke, tel
haar dan op en gaan aan; die takke van die bome het haar gesig
getref en die struik het haar hande geskeur, maar sy het verder
gegaan en nooit teruggekyk nie.



Uiteindelik, moeg vir haar lang reis en uitgeput en die hartseer oorwin, maar steeds met hoop in haar hart, het sy 'n huis bereik.

Nou wie dink jy het daar gewoon? Die Maan.

Die prinses klop aan die deur en smee om ingelaat te word dat sy 'n bietjie kan rus.



Die ma van die maan, toe sy haar hartseer lot gesien het, het sy haar baie jammer gekry en haar ingeneem en haar verpleeg en versorg. En terwyl sy hier was, het die prinses 'n babatjie gehad.



Eendag het die ma van die maan haar gevra:

“Hoe was dit moontlik vir jou, 'n sterfing, om hier by die huis van die Maan te kom?”

Toe vertel die arme prinses haar alles wat met haar gebeur het en het by gevoeg: “Ek sal altyd die Hemel dankbaar wees dat jy my hierheen gelei het en dankbaar vir jou dat jy jou oor my en my baba ontferm het en ons nie laat sterf het nie.



Nou smee ek jou vir 'n laaste guns; kan jou dogter, die Maan, vir my sê waar my man is?"

"Sy kan dit nie vir jou sê nie, my kind," het die godin geantwoord, "maar as jy na die Ooste sal reis totdat jy die woning van die Son bereik, sal hy dalk vir jou iets kan sê."

Toe het sy vir die prinses 'n gebraaide hoender gegee om te eet en haar gewaarsku om baie versigtig te wees en om nie een van die bene te verloor nie, want dit kan vir haar van groot nut wees.



Toe het die prinses haar weereens bedank vir haar gasvryheid en vir haar goeie raad, het sy een paar verslete skoene weggegooi en het 'n tweede paar aangetrek, sy het die hoenderbene in 'n bondel vasgemaak en haar baba in haar arms en haar staf in haar hand geneem, sy het weer op haar omswerwinge vertrek.



Aan en aan en aan het sy gegaan deur kaal sanderige woestyne, waar die paaie so swaar was dat sy vir elke twee tree wat sy vorentoe gegee het een terug gegeval het; maar sy het verder gesukkel tot sy verby hierdie droewige vlaktes was.



Daarna het sy hoë Rots gebergte oorgesteek, van rots tot rots en van piek tot piek gespring. Soms het sy 'n bietjie op 'n berg gerus en dan weer altyd verder en verder begin.



Sy moes oor moerasse...



... en om bergpieke wat met vuursteen bedek was te skaal,
toddad haar voete en knieë en elmboë alles geskeur en
gebloei het, en soms het sy by 'n afgrond gekom waaroor sy
nie kon gespring het nie, en sy moes op haar hande en knieë
rond gekruip het en haarself met haar staf gehelp.



Uiteindelik, doodmoeg, het sy die paleis bereik waarin die Son gewoon het. Sy het geklop en vir toelating gesmeek.



Die moeder van die Son het die deur oopgemaak en was verbaas om 'n sterfeling van die verre aardse kus te aanskou en het van jammerte gehuil toe sy hoor van alles waar aan sy gely het.



Toe, nadat sy belowe het om haar seun uit te vra oor die prinses se man, het sy haar in die kelder weggesteek, sodat die son niks kon agterkom by sy terugkeer huis toe nie, want hy was altyd in 'n slegte humeur as hy in die nag in gekom het.



Die volgende dag was die Prinses bang dat dit nie goed met haar sou gaan nie, want die Son het opgemerk dat iemand van die ander wêreld in die paleis was. Maar sy ma het hom met sagte woorde gesus en hom verseker dat dit nie so was nie. So, die prinses het moed gekry toe sy sien hoe vriendelik sy behandel word en het gevra:

“Maar hoe in die wêreld is dit moontlik vir die Son om so kwaad te wees? Hy is so mooi en so goed vir sterflinge.”



“Dit is hoe dit gebeur
het,” het die Son se
ma geantwoord. 'In
die oggend as hy by
die poorte van die
paradys staan, is hy
gelukkig en glimlag vir
die hele wêreld...



... maar bedags raak hy kwaad, omdat hy al die bose dade van mense gesien het, en daarom word sy hitte so skroeiend, maar in die aand is hy hartseer en kwaad, want hy staan by die poorte van die dood; dit is sy gewone gang. Van daar af kom hy terug hierheen.”



Sy vertel toe vir die prinses dat sy oor haar man uitgevra het, maar dat haar seun geantwoord het dat hy niks van hom geweet het nie en dat as daar enige hoop is om by Wind te gaan navraag doen.

Voordat die Prinses son se huis verlaat het, het die moeder van die Son vir haar 'n gebraaide hoender gegee om te eet en haar aangeraai om goed vir die bene te sorg, wat sy gedoen het, en sy het dit in 'n bondel toe te draai.



Sy gooi toe haar tweede paar skoene, wat taamlik verslete was, weg en met haar kind in haar arm en haar staf in haar hand, vertrek sy op pad na Wind toe.




In hierdie omswerwinge het sy nog groter moeilikhede as voorheen ondervind, want sy het op die een berg van vuursteen na die ander afgekom, waaruit tonge van vuur sou opvlam.



Sy het deur bosse gegaan wat nog nooit deur mense
se voete getrap was nie...



... en moes velde van ys en sneeustortings oorsteek. Die arme vrou is amper dood van hierdie swaarkry.



Maar sy het 'n dapper hart behou en uiteindelik het sy 'n enorme grot in die kant van 'n berg bereik. Dit was waar die Wind gewoon het. Daar was 'n deurtjie in die reling voor die grot, en hier het die prinses geklop en gesmeek vir toegang.



Die moeder van die Wind het haar oor haar ontferm en haar ingeneem, dat sy 'n bietjie kan rus. Hier was sy ook weggesteek, sodat Wind haar nie sou raaksien nie.



Die volgende oggend het die moeder van die Wind haar vertel dat haar man in 'n digte bos woon, so dik dat geen byl 'n pad daardeur kon kap nie, hier het hy vir hom 'n soort huis gebou deur stamme bome bymekaar te plaas en dit aanmekaar vas gemaak en het hier alleen geleef om die mensdom te vermy.

Nadat die moeder van die Wind vir die prinses 'n hoender gegee het om te eet, wou sy hê dat sy vir die bene moes sorg, sy het haar aangeraai om langs die Melkweg te gaan, wat snags oor die lug gelê het, en om verder te dwaal totdat sy haar doel bereik het.



Nadat die prinses die ou vrou met trane in haar oë bedank het vir haar gasvryheid en vir die goeie nuus wat sy haar gegee het, het die prinses op haar reis vertrek en nie nag of dag gerus nie, so groot was haar verlange om haar man weer te sien.




Aan en aan het sy geloop totdat haar laaste paar skoene in
stukke geval het. Daarom het sy hulle weggegooi en kaalvoet
voortgegaan, sonder om ag te slaan op die moerasse of die
dorings wat haar gewond het, of die klippe wat haar gekneus
het.



Uiteindelik het sy 'n pragtige groen wei op die rand van 'n bos bereik. Haar hart is opgebeur deur die aanskoue van die blomme en die sagte koel gras, en sy het gaan sit en 'n bietjie gerus.



Maar toe sy die voëls hoor tjirp vir hul maats tussen die bome,
het sy met verlange aan haar man laat dink en sy het bitterlik
gehuil en haar kind in haar arms geneem, met haar bondel
hoenderbene op haar skouer, het sy die bos binnegegaan.



Drie dae en drie nagte het sy daardeur gesukkel, maar kon niks vind nie. Sy was nogal uitgeput van moegheid en was baie honger en selfs haar staf was geen verdere hulp vir haar nie, want in haar baie omswerwinge het dit taamlik afgestomp geword.



Sy het amper moed opgegee, maar het nog 'n laaste groot poging aangewend en skielik in 'n ruigte het sy op die soort huis soos wat moeder Wind beskryf het afgekom, maar die deur was bo op die dak. Sy het om die huis gegaan, op soek na trappe, maar sy kon niks kry nie. Wat gaan sy doen? Hoe moes sy in gaan?



Sy dink en dink en probeer tevergeefs tot by die deur klim. Toe dink sy skielik aan die die hoenderbene wat sy so op die moeë pad gesleep het en sy het vir haarself gesê: “Hulle sou nie almal vir my gesê het om hierdie bene so goed op te pas as hulle nie een of ander goeie rede gehad het om dit te doen nie. Miskien kan hulle nou, in my uur van nood, vir my van nut wees.”



So, sy haal die bene uit haar bondel en nadat sy vir 'n oomblik gedink het, het sy die twee punte bymekaar geplaas. Tot haar verbasing het hulle styf vasgesteek; toe het sy die ander bene bygevoeg, totdat sy twee lang pale gehad het op die hoogte van die huis; dit het sy teen die muur neergesit, 'n meter van mekaar af.

Oorkant hulle plaas sy die ander bene, stukkies vir stukkies, soos die trappe van 'n leer. Sodra een tree klaar was, het sy daarop gestaan en die volgende een gemaak, en dan die volgende, totdat sy naby die deur was.



Maar net toe sy naby die bopunt kom, het sy opgemerk dat daar geen bene oor was vir die laaste trap van die leer nie. Wat moes sy doen? Sonder daardie laaste tree was die hele leer nutteloos. Sy moes een van die bene verloor het.

Toe kom daar skielik 'n idee by haar op. Met 'n mes, kap sy haar pinkie af en sit dit op die laaste trappie, dit het vasgesteek soos die bene gedoen het. Die leer was volledig en met haar kind in haar arm het sy by die huis se deur ingegaan.



Hier het sy alles in perfekte orde gekry. Nadat sy kos geneem het, het sy die kind wat aan die slaap was in 'n bak neer gelê wat op die vloer was en het self gaan sit om te rus.



Toe haar man, die Vark, terug gekom het na sy huis, het hy geskrik oor wat hy gesien het. Eers kon hy nie sy oë geglo het nie, en staar na die leer van bene, en na die pinkie bo-op dit.



Hy het gevoel dat 'n vars towerkuns aan die werk moet wees en in sy skrik het hy amper weggedraai van die huis af; maar toe kom 'n beter idee by hom op en hy verander homself in 'n duif, sodat geen heksery oor hom kom nie, en vlieg die kamer binne sonder om aan die leer te raak.



Hier het hy 'n vrou gekry wat 'n kind wieg. By die aanskoue van haar, so verander deur so liefde en verlange en deur so groot jammerte dat hy skielik 'n man geword het.

Die prinses staan op toe sy hom en haar hartklop met vrees sien, want sy het hom nie geken nie. Maar toe hy haar vertel het wie hy is, het sy in haar groot blydschap al haar lyding vergeet en dit het vir haar soos niks gelyk nie. Hy was 'n baie mooi man, so reguit soos 'n denneboom.



Hulle het saam gaan sit, en sy het vir hom al haar avonture vertel en hy het van jammerte gehuil oor die verhaal. En toe vertel hy vir haar sy eie storie.

“Ek is 'n koning se seun. Eenkeer toe my pa teen 'n paar drake geveg het, wat die plaag van ons land was, het ek die jongste draak dood gemaak. Sy ma, wat 'n heks was, het 'n tower spel oor my gegooi en my in 'n Vark verander.



Dit was sy wat in die vermoeming van 'n ou vrou vir jou die draad
gegee het om om my voet te bind. So daardie stadium van die
drie dae wat moes loop voordat die towerkrag verbreek is, was ek
gedwing om nog drie jaar 'n Vark te bly. Nou dat ons vir mekaar
gely het, en mekaar weer gevind het, laat ons die verlede
vergeet.”

En in hulle blydschap het hulle mekaar gesoen.




Die volgende oggend het hulle vroeg vertrek om terug te keer na sy vader se koninkryk. Groot was die blydschap van die hele volk toe hulle hom en sy vrou gesien het; sy vader en sy moeder het hulle albei omhels, en drie dae en drie nagte was daar feesmaal in die paleis.



Toe het hulle vertrek om haar pa te sien. Die ou Koning het amper van sy kop af geraak van blydschap om sy dogter weer te aanskou. Toe sy hom al haar avonture vertel het, het hy vir haar gesê:

“Het ek nie vir jou gesê dat ek heeltewel seker was dat die skepsel wat jou as sy vrou gewen het, nie as 'n Vark gebore was nie? Jy sien, my kind, hoe wys jy was om te doen wat Ek vir jou gesê het.”



En aangesien die koning oud was en geen erfgename gehad het nie, het hy hulle in sy plek op die troon gesit. En hulle het regeer soos slegs konings regeer wat baie swaargelukry het. En as hulle nie dood is nie, leef en regeer hulle steeds gelukkig.

Die Einde



